## *Redaksioneel / From the Editor*

Met *Scriptura* 3 word die eerste eenheid van drie uitgawes vol=tooi. Die reaksie van lesers tot dusver was van so 'n aard dat die redaksiekomitee besluit het om van 'n meer eksperimen=tele na 'n vaster grondslag oor te skakel. Ons hoop daarom om ons medewerkerskring binnekort aansienlik uit te brei en so=veel moontlik universiteite en ander onderwysinstansies by die tydskrif te betrek. *Scriptura* is ook reeds wyer bekend gestel en sal voortaan in *New Testa=ment Abstracts* opgeneem word.

In hierdie uitgawe skryf J W V van Huyssteen oor die aard van geloof en geloof=uitsprake. John de Gruchy, 'n erkende Bonhoeffer-kenner, werp interessante nuwe lig op Bonhoeffer se gebruik van die Engelse vertaling van die Bybel. Onder die algemene tema van die Bybel en die kuns, lewer Reino Ottermann 'n bydrae oor die betekenis van gods=dienstige musiek in sy ver=skillende vorme. C J Retief sluit aan by 'n artikel van H W Rossouw in *Scriptura* I en wys op die noue verband tussen Skrifinspirasie en teologiese hermeneutiek. In die afdeling vir eksegetiese studies lewer C W Burger 'n verdere bydrae met 'n analise van Ps 42/43 met spesifieke aanwysings vir die gebruik van hierdie gedeel=te in die prediking. H J S Stone raak in die onderwys=

With the publication of *Scriptura* 3 the first unit of three issues of this new journal has been completed. Encouraged by the reaction of our readers, the Editorial Committee has decided to move from an experimental phase to a more permanent arrangement. We hope to expand our circle of contributors in the near future to include as many as possible universities and other educational institutions. The journal has also been intro=duced to a wider audience and will forthwith be abstracted by *New Testament Abstracts*.

In this issue, J W V van Huys=steen writes about the nature of faith and statements of faith. John de Gruchy, a well-known Bonhoeffer expert, throws new light on Bonhoeffer's use of his English Bible. Conti=nuing *Scriptura*'s interest in the Bible and the arts, Reino Ottermann focuses on the role of music in devotional life. C J Retief's article on inspi=ration and theological herme=neutics is a reaction to Ros=souw's contribution in our first issue. In his homiletical con=tribution, C W Burger this time analyses Psalm 42/43 with perti=nent suggestions for the prea=cher. A very important issue regarding the future of Bib=lical Studies and Scripture in our educational system is dis=cussed by H J S Stone. In our guide to recent literature,

rubriek 'n besonder be= langrike tema aan, nl die verhouding tussen Bybelkunde en Bybel= onderrig op skool. In ons literatuuroorsig gaan D J Smit nader in op twee publikasies van Heyns en Theron oor die kerk. Ten slotte word iets vertel van die pas afgelope eeufees= viering van die Society of Biblical Literature, met nadere besonderhede oor enkele kongresse wat vir ons lesers van belang mag wees.

D J Smit takes a closer look at the studies of Heyns and Theron on the church. We conclude with a report on the 1980 centennial meeting of the Society of Biblical Literature and the an= nouncement of a number of conferences which might be of interest to our readers.